

Plaas skool-logo hier.

Geagte Ouers

Ons is bly om u te kan meedeel dat u kind gekies is om aan die Ready Steady Read Write-program by ons skool deel te neem. Dit beteken dat u kind elke week 'n ekstra les sal bywoon om sy/haar taal- en geletterdheidsvaardighede te verbeter. Die lesse geskied gedurende skoolure en word met spesiale materiale en aktiwiteite wat deur 'n organisasie genaam Wordworks ontwikkel is, deur opgeleide tutors bestuur. Kinders word aan die begin en einde van die program geëvalueer sodat ons hul vordering kan bepaal. Daar is geen bykomende koste vir die lesse nie.

Teken asseblief die vorm op die volgende bladsy om te bevestig dat u toestemming gee vir u kind om aan die program deel te neem, en besorg dit aan u kind se klasonderwyser terug.

As 'n ouer of sorggewer kan u help deur gereeld vir u kind te lees en deur by u plaaslike biblioteek aan te sluit. Dit sal u kind help om 'n liefde vir boeke en vir lees aan te kweek. As u tot die internet toegang het, sal dit help om van die gratis Wordworks-speletjies vir gebruik by die huis af te laai en te druk (www.wordworks.org.za). Speletjiestelle kan ook by die Ready Steady Read Write-programkoördineerder by u skool gekoop word.

Ons sien uit daarna om met u kind te werk.

Die uwe

[NAAM VAN KOÖRDINEERDER]

Ready Steady Read Write-programkoördineerder

Ready Steady Read Write-program – Ouers se toestemming

Naam van kind:	Kind se klas:
----------------	---------------

Ek gee toestemming dat my kind aan die Ready Steady Read Write-program kan deelneem.

Ek gee nie toestemming dat my kind aan die Ready Steady Read Write-program kan deelneem nie.

Handtekening van ouer of sorggewer:	Datum:
Naam van ouer of sorggewer:	

Die tutors en kinders wat aan die program deelneem, kan van tyd tot tyd afgeneem word met die doel om dit wat ter ondersteuning van geletterdheid by die skool gedoen word, te bevorder en te deel.

Ek gee toestemming dat my kind se foto gebruik kan word om die Ready Steady Read Write-program te bevorder en te deel.

Ek gee nie toestemming dat my kind se foto gebruik kan word om die Ready Steady Read Write-program te bevorder of te deel nie.

Handtekening van ouer of sorggewer:	Datum:
Naam van ouer of sorggewer:	

*** * BESORG ASB HIERDIE VORM AAN U KIND SE KLASONDERWYSER TERUG. * ***